# Instruksies vir die gebruik & onderhoud van u HOME FIRES Braai

Veels geluk met die aankoop van nog 'n kwaliteit HOME FIRES produk!

U en u Home Fires Braail kan uitmuntend as span funksioneer. Met die inhoud van hierdie Handleiding sal ons poog om u in te lig omtrent die korrekte gebruik van u braai. Met korrekte gebruik en onderhoud kan u jare se moeitevrye diens van die eenheid verwag.

**LEES ASSEBLIEF HIERDIE AANWYSINGS AANDAGTIG!**

# INHOUD

1. Eerste gebruik

2. Huishouding

3. Onderhoud

4. Voorsorgmaatreels

5. Algemene wenke

6. Kleiner hindernisse & oplossings

7. Handleiding vir installering

8. Voorwaardes vir waarborg aanspreeklikheid - uitsonderings
Modellereeks beskikbaar

# 1. EERSTE GEBRUIK - BELANGRIK!

U word aangeraai om aanvanklik slegs 'n klein vuurtjie in u braai te maak aangesien n groot vuur u baksteenwerk mag beskadig. Sorg dat die braai geleidelik en stadig warm word. U mag ook 'n skerp reuk waarneem, afkomstig van die spesiale verf wat gebruik is. Hierdie reuk sal mettertyd verdwyn.

# 2. HUISHOUDING

Wanneer u die as uit die braai verwyder, moet u verkieslik 'n houer met 'n deksel gebruik aangesien die as maklik rondwaai en die hele vertrek mag besoedel.

Warm as het al baie skade berokken aan vuilgoeddromme en kan ook gevaarlik wees vir kinders en troeteldiere. Blus alle kole/as betyds en gooi dit op 'n geskikte plek.

Behandelde hout bevat skadelike chemikaliee en as/kole afkomstig vanaf die hout, en moet liefs nie in die tuin gestrooi word nie.

# 3. ONDERHOUD

Ondersoek die skoorsteen gereeld vir die opbou van roet, of enige ander hindernis soos voelnessies. Maak die skoorsteen skoon indien die roetaanpaksel dikker is as 6 mm.

Verfwerk moet ook gereeld behandel word met Plascon SNK74 of dergelike (mat swart) verkrygbaar by Home Fires-takke. Skuur eers gedeeltes waar geverf moet word met waterpapier en laat goed droog voordat verf aangewend word.

Die as van die haan moet ook jaarliks gesmeer word met ghries. (Moenie dat die koeellaer uitval terwyl u die haan optel nie). Die skoorsteen self en haan mag met enige kleur emaljeverf behandel word om by u keuse te pas.

Aangesien roes maar die grootste vyand blyk te wees, is baie sorg nodig. Herstel enige lekkasie onmiddellik aangesien toegeboude dele, waar u nooit weer kan kom nie, nadelig beInvloed mag word.

# 4. VOORSORGMAATREELS

1. Gebruik slegs volkome gedroogde hout, kwaliteit gehalte houtskool of brikette.

2. Moenie brandstof soos petrol of lakverdunner naby die braai stoor nie.

3. Vermy die gebruik van plofbare vloeistowwe om vure aan te steek.

4. 'n Te groot vuur sal 'n braai beskadig, 'n teken hiervan is 'n kolemaker wat bloedrooi gloei. Beperk die vuur tot die kolemaker alleen aangesien 'n vuur in die aspan self u braai sal beskadig. Indien u braai nie ‘n kolemaker het nie, maak in die middel van die aspan vuur en moenie dat die vuur teen die rugkant opbrand nie.

5. Afval of vuilgoed wat in u braai verbrand word, sal u braai besoedel, moontlike slegte reuke laat, en aanpaksel vorm in die skoorsteen.

6. Vermy die gebruik van behandelde hout vanwee die moontlike giftige stowwe wat vrygestel mag word.

7. Verleng die leeftyd van die braai kolemaker en aspan deur dit bloot te stel aan slegs die nodige hoeveelheid vuur en hitte. Vuur beskadig tog metaal terwyl deurweekte as ook deur metaal vreet. Maak dus die aspan gedurig skoon.

8. Moenie die vuur met water blus nie aangesien die stoom ernstige brandwonde tot gevolg mag he en die skielike wisseling in temperatuur u braai sal beskadig.

9. Beskerm bykomstige gedeeltes van u braai deur hierdie gedeeltes in 'n droe plek in bewaring te hou.

10. Te swaar potte of braaiplate mag tot gevolg he dat 'n warm verhitte rooster mag buig.

11. Dit word aanbeveel dat as u ‘n lang leeftyd van u rooster verwag, u die rooster eerder was as om dit skoon te brand.

# 5. ALGEMENE WENKE

Plasing van u braai

* Nadat u die keuse van 'n spesifieke model gemaak het, is die volgende keuse die van die korrekte plasing. (Hierdie twee keuses mag moontlik in omgekeerde volgorde plaasvind.)

* Indien u binnenshuise plasing oorweeg, is u keuse beperk tot die kombuis, eetkamer of ontspanningkamer. Sou u buite wou wees, sal veel meer beplanning nodig wees.

* U braai kan ook 'n dubbeldoelige funksie he indien u dit binnenshuis installeer. Opsioneel kan 'n demper en konveksiesisteem verskaf word sodat u die braai as 'n kaggel kan gebruik.

* Kies die mees leefbare plekkie uit in die tuin of binnehof, d.w.s. daar waar die gesin graag vergader. Dit mag ook naby die swembad wees.

* Die plasing van u braai sal moontlik 'n nuwe leefarea vir u gesin skep. In plaas van dit in stukkies en brokkies te beplan, sou dit beter wees om 'n aanvanklike beplanning van die hele gebied te doen.

* Laat genoeg beweegruimte vir almal om die braai - verkieslik gelyk, met voldoende beskerming teen wind en son.

## Braaibykomstighede

Slegs 'n paar bykomstighede kan heelwat bydra tot die plesier en genot wat 'n inbou braai kan verskaf. Hiermee 'n paar:

* **Kook Bykomstighede** - 'n braaivurk met lang steel, mes, knypvurk, aanwendborsel/drupborsel is almal handige toebehore vir die gebruik by 'n warm braai.

Om die vuur te beheer, word 'n stang benodig, verkieslik met gebuigde punt, om kole te krap.

Rotisserie rame met ‘n battery motor en stang of toeklaprooster.

Kleiner roosters om weerskante van die kolemaker op verskillende hoogtes gelyk te braai.

Warmhouers kan uit die kombuis verkry word, ofskoon u moontlik sou wou dupliseer. U kan ook u braai gebruik om die gewilde reeks "stir-fry" voor te berei op ‘n soliede braaipan.

* **Persoonlike toebehore** - Sluit in: Seilhandskoene vir die hantering van houtskool, asbeshandskoene vir die hanteer van warm items, en natuurlik 'n voorskoot.

# 6. HINDERNISSE, IRRITASIES & OPLOSSINGS

| HINDERNISSE | IRRITASIES | OPLOSSINGS |
|---|---|---|
| **Braai trek nie, en rook blaas voor uit.** | 1. Demper (indien gei'nstalleer) is toe.<br>2. Haan steek vas.<br>3. Skoorsteen is geblok.<br>4. Roet dik aangepak.<br>5. Skoorsteen te kort. | 1. Maak demper oop.<br>2. Ghries as van haan.<br>3. Verwyder obstruksie.<br>4. Verwyder roet.<br>5. Verleng skoorsteen. |
| **Haan is raserig wanneer dit draai.** | 1. As is droog.<br>2. Eenheid skuur teen klamp. | 1. Ghries as.<br>2. Buig klamp weg. |
| **Waterlek langs skoorsteenpyp.** | 1. Waterdigting foutief by dak & pype.<br>2. Lasse aan skoorsteen lek.<br>3. Haan steek vas.<br>4. Haan draai na bek van reen. | 1. Herseel.<br>2. Seel met silikoon.<br>3. Ghries as<br>4. Voeg lengte pyp by. |
| **Verfreuk na eerste gebruik.** | 1. Verf is besig om in te brand. | 1. Maak vensters oop vir ventilasie. Reuk sal mettertyd verdwyn. |
| **Binnenshuise braai toon tekens van roes.** | 1. Seelwerk op dak lek.<br>2. Haan funksioneer nie goed nie.<br>3. Skoorsteen te laag.<br>4. Dak lek weg van skoorsteen en loop tot by pyp | 1. Herseel.<br>2. Ghries, draai eenheid vrylik.<br>3. Voeg lengte pyp by.<br>4. Soek en seel. |

# 7. INBOU INSTRUKSIES - INGEBOUDE BRAAI

1. Bou baksteenvloer vir eenheid volgens persoonlike keuse: 7 - 9 stene hoog.(1)

2. Plaas eenheid in posisie, bedek sye, rug en bokant met veselglas isolasie. Gebruik enige kleefband om die issolasie material in posisie te hou. Om die verfwerk op die omranding en binne in die braai te beskerm, beveel ons aan dat u die skoorsteen opening en die omranding met kleefplastiek en maskeerband toemaak. Bou steenwerk om eenheid - laat opening van minimum 20 mm vir uitsetting. 'n Latei word nie benodig nie.(2)

3. Verseker dat die finaal afgewerkte bouwerk nie verby die omranding van u braai gaan nie, anders gaan die bo-deur nie oop bly nie

4. Die binnemate van die skoorsteen moet onder geen omstandighede kleiner wees as die opening op die eenheid nie.(3)

5. Asbes of staal voering in 'n geboude skoorsteen sal die vloei van lug verbeter en die steenwerk teen hitte beskerm.(4) Die hoogte van die skoorsteen is kritiek. 2.4 meter is die absolute minimum. Raadpleeg u verskaffer vir aanbevelings ten opsigte van verskillende daktipes.


6. Gebruik standaard digtingsmateriaal om die dak dig te maak.(5) Lood lewer baie goeie resultate. Die skoorsteen kan gebuig wees ten einde obstruksies te omseil. Voorsien egter voldoende stutte om die gewig van so 'n skoorsteen te dra. Grade van buigstukke moet beperk word tot 45 grade.

7. 'n Haan, hetsy vas, of draai-tipe sal die reën uit die skoorsteen wegkeer, en gevolglike roes verhinder.(6) 'n Draai-tipe haan verhoed ook afwaartse lugstrome en is 'n MOET in geval van rietdakke.

8. Blootgestelde komponente soos bv. die haan, of dele van die skoorsteen moet gereeld geverf word met emalje-verf of roeswerende verf. U braai self kan met Plascon SNK74 of dergelike hittebestande verf behandel word.

9. Die opening onder u braai kan gebruik word om hout of ander soliede brandstof te stoor.

**LET WEL:** Home Fires waarborg die eenheid self wat vervaardigingstandaarde betref. Die installering van die item is nie hierby ingesluit nie, derhalwe moet u as koper seker maak dat u 'n betroubare en erkende persoon gebruik om u braai en skoorsteen te installeer. Dit sal u belegging beskerm.




# 8. UITSONDERING OP AANSPREEKLIKHEID

Terwyl hierdie instruksies met groot sorg saamgestel is, sal daar geen verantwoordelikheid gekoppel aan 'n eis teen die vervaardiger en/of verspreider van die produk (te) wees as gevolg van misinterpretasie of gebrek om instruksies te volg, hetsy in geheel of gedeeltelik nie. Indien die voorskrifte soos in hierdie skrywe vervat, nie gevolg word nie, sal die waarborg nie van krag wees nie.

# 9. MODELLEREEKS BESKIKBAAR

Die volgende modelle is beskikbaar:

A. **Inboubraaiers** in wydtes van 700 mm, 800 mm, 1000 mm, 1200 mm* en 1500 mm*. *Spitbraaimodelle beskikbaar.

B. **Vrystaande braaiers** as trolliebraaiers, of as vrystaande modelle wat net soos die ingeboude modelle funksioneer - ideaal vir u patio, of as u eendag wil verhuis en die eenheid saamneem.

C. **Ingeboude kaggels** in wydtes van 600 mm, 700 mm*, 850 mm*, 1050 mm* en 1200 mm*. *Aanvullende dubbelaanwending modelle beskikbaar vir gebruik tussen twee vertrekke.

D. **Vrystaande kaggels** vir reguit mure, hoekmodelle en eilandmodelle in groottes vanaf 600 mm tot 1000 mm, beskikbaar in verskeie ontwerpe om u smaak te pas.

Spesiale modelle op aanvraag beskikbaar.

Skakel u naaste Home Fires verspreider vir nadere besonderhede.

Modelle ook beskikbaar in 3CR12 metaal wat meer roesbestand is en gebruik word naby die kus. 3CR12 produkte is ook onderhewig aan onderhoud en moet derhalwe gereeld geverf word. Indien die produk feitlik teenaan die see ingebou word, beveel Home Fires aan om produkte aan te koop wat uit 304 vlekvrye staal vervaardig is.

**HOME FIRES (EDMS) BPK**

Posbus 873, Worcester, 6849 • Fieldstraat 6, Worcester, 6850 Tel (023) 342 3330 / 342 0213 • Faks (023) 342 5940 e-pos: manufacturing@homefires.co.za